

Skrifgedeelte: Josua 2

Teksters: Josua 2:11

Tema: Beleef God se genade op ongewone plekke en onder ongewone mense!

In die afgelope week was daar 'n berig in die Volksblad van 'n predikant wat in die Klipkerk in Bloemfontein, tydens beurtkrag, gebid het dat die Here die lig van sy Woord sal laat skyn al is dit donker rondom hulle. Toe die predikant "amen" sê, het die ligte skielik aangegaan. Wat op hierdie berig gevolg het, was 'n elle-lange lys van kommentare deur mense wat gesê het dat God nie só werk nie en dat hierdie predikant gebed en die Woord goedkoop maak.

Ons kan baie praat oor hoe ons hierdie gebeure moet verstaan, maar een ding wat uit hierdie gebeure seker is, is dat ons as die kerk van die Here dikwels nie meer beseft en sien hoe God op ongewone plekke en onder ongewone mense sy genade bewys nie. Ons hoor in 1 Korintiërs 1:27 dat God, wat vir die wêreld onsin is, gekies het om die geleerdes te beskaam en wat vir die wêreld swak is, het God gekies om die sterkes te beskaam en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, het God gekies om wat iets is, tot niet te maak.

En tog, wanneer God op ongewone plekke onder ongewone mense optree, is dit bykans vir ons onaanvaarbaar. Ragab se verhaal is egter 'n verhaal van God wat op 'n ongewone plek aan 'n ongewone mens genade bewys.

Jerigo is 'n ongewone plek omdat hierdie stad lankal reeds bestem was om deur God vernietig te word. In Deuteronomium 7:1-5 hoor ons al dat die inwoners van Jerigo om die lewe gebring moet word as 'n banoffer vir die Here. 'n Banoffer het ingehou dat die hele stad afgebreek en verbrand moet word en dat al die inwoners van die stad en die diere doodgemaak moet word. Ons hoor dat niemand mag bly lewe nie, dat Israel niemand mag jammer kry nie en dat hulle nie met enige mense in hierdie stad 'n verbond mag sluit nie. Hulle mag ook nie met hulle trou nie.

En Ragab was weer 'n ongewone mens in hierdie ongewone stad. Sy was 'n ongewone mens omdat sy 'n prostituut uit 'n heidense volk was. Sy was iemand op wie die samelewing neergekyk het en waarvan baie mense nie gehou het nie. Baie mense het al probeer om te verduidelik dat Ragab nie werklik 'n prostituut was soos ons vandag 'n prostituut ken nie. Hulle probeer verduidelik deur te sê dat Ragab eintlik maar iets soos 'n herbergier of 'n hotel-eienaar was. Tog word sy in Hebreërs 11 as 'n *porne* beskryf – die woord waarvan ons woord pornografie afgelei is. Sy was werklik 'n ongewone persoon gesien in die lig van God se koninkryk en wie aan Hom behoort.

Tog is dit aan haar wat die Here genade bewys! God bewys aan hierdie ongewone persoon in hierdie ongewone stad genade omdat sy haar vertrou in God gestel het. Dit is die implikasie van hierdie woorde in Josua 2:11. Die feit dat sy gesê het dat God die God van die hemel daarbo en die aarde hieronder is, was 'n manier waarop sy erken het dat Hy die enigste, ware en lewende God is en dat haar lewe in sy hande is.

Juis daarom bewys God aan haar genade! Juis daarom dat God toelaat dat sy op 'n wonderbaarlike manier gered word. Kan ons egter van hierdie een voorval 'n reël maak? Kan ons sê dat omdat God aan hierdie een ongewone persoon, aan Ragab, genade bewys het, dat God aan alle ongewone

persone genade bewys? Nee, ons kan nie! Nooit kan ons een sin uit die hele Bybel neem en op grond daarvan `n leerstelling of `n oortuiging bou nie.

Wanneer God egter sy genade deur `n ongewone Persoon bewys, dan mag ons! Sien, juis dit is wie Jesus Christus was as ons gaan kyk in watter tyd en onder watter omstandighede Hy gebore was. Anders as persone met aansien wat in `n huis met `n vroedvrou gebore was, was Christus in `n stal gebore. Die eerste persone wat gehoor het van Christus se geboorte, was nie belangrike mense nie, maar herders – manne wat nie eens in howe vertrou was nie! Christus, wat tot ons Profeet gesalf is, word groot in die dorp Nasaret, waaruit daar nooit `n profeet gekom het nie, behalwe Jona.

Anders as die leermeesters met aansien, was Christus nie gevolg deur die beste dissipels met baie kennis nie. Hy was gevolg deur gewone vissers, manne sonder aansien en wat nie die slimste en beste leerlinge was nie. Christus het nie net tussen voorbeeldige Jode geleef en net met Jode met aansien gepraat soos die rabbi's van daardie tyd se gewoonte was nie. Christus het veral stil gestaan by die tollenaars, die prositute, die siekes, die melaatses en die gestremdes. Hy het stilgestaan by die ongewone mense in die samelewing van daardie tyd en dit is aan hulle wat Hy genade bewys het.

Christus was, as ons die Messias-verwagting van daardie tyd in gedagte hou, sekerlik die mees ongewone Verlosser! Die mense van daardie tyd het `n groot, aardse Koning, `n koning soos Dawid, verwag, maar God skenk sy genade in Jesus Christus: die Seun van `n timmerman uit `n agterlike dorpie.

En God stuur sy verlossing in n ongewone wêreld in. Die wêreld lyk dalk nie vir ons só ongewoon nie, my broer en suster, omdat ons hier woon en leef. Maar hierdie wêreld met sy gebrokenheid, sonde, haat en geweld is alles behalwe die plek waar ons die Prins van Vrede en die Verlosser van die mensdom sou verwag. En dit is juis hier – in hierdie ongewone plek – waar God sy genade bewys in Jesus Christus.

En dit is in jou en my ongewone, stukkende lewe waar God sy genade skenk. Dit is daar, waar ons in die gemors van ons lewe sit, wat God sy genade gee. Dit is daar, waar ons dit nie verdien nie, wat God aan die mens geloof gee deur die Heilige Gees, sodat ons hierdie genade ons eie kan maak. Dit is hier, waar elke mens sy eie god wil wees, wat God die Heilige Gees in ons hierdie belydenis werk dat ons soos Ragab wil sê dat God, die Here, is God bo in die hemel en onder op die aarde.

Daarom kan nie een van ons werklik neersien op ongewone mense nie en kan nie een van ons neersien op Ragab die prostituut nie, want nie een van ons is beter as wat sy was nie. My broer en suster, as ons neersien op Ragab of op enige ander persoon wat sy verlossing in Christus vind, dan dink ons te veel van onself en te klein oor die Here se genade. Dan dink ons in werklikheid dat ons, buite Jesus Christus, in die hemel hoort en dat God eintlik verplig is om sy genade aan ons te bewys.

Ja, ons was dalk nie prositute nie, maar elkeen van ons het geestelike prostitusie gepleeg. Elkeen van ons het ons eie sonde gehad wat ons eerder aanbid het as vir God. Daarom dat nie een van ons sonder Jesus Christus in die hemel gehoor het nie en is God glad nie verplig om aan ons genade te bewys nie. Maar dit is juis in ons ongewone situasie van totale verlorenheid, wat God aan ons genade bewys het. Maak dus jou oë oop en beleef weer God se genade op ongewone plekke onder ongewone mense!

Amen